
# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***



## Gereformeerde Kerk Noordrand

**1 Mei 2022**

---

## WELKOM BY ONS EREDIENS

**EREDIENSTYD: 9:00** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Teksvers:** 1 Korintiërs 1 : 1-9
**Boodskap:** Waartoe het God ons geroep en geheilig?

## Eredienste : Noordrand YouTube kanaal

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Lidmate wat weens Covid-19 nie fisies hier kan wees nie, word uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens. Kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat 'Live' wys: https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw.

## Kollektes : 1 Mei

Diakonie
Instandhouding – Erediens

## Meelewing

John Lizamore word steeds in Donald Gordon hospitaal behandel. Ons bid en vertrou die Here om die behandeling te seën.

Verskeie lidmate het positief getoets vir covid-19. Ons dank die Here dat hulle nie ernstig siek geword het nie.

## Teeskinkbeurte:

1 Mei: Langnaweek geen tee
8 Mei: Elly Vlok-Blacquiere; Leatitia van Wyk; Annemarie Prodromau
15 Mei: Hanni du Plessis; Mariette Coetzee
22 Mei: Jeanne Prinsloo, Judy Möller, Angeret Breedt

***(Ons was nie die koppies na die tyd nie, pak net in wasbak en Samuel was dit op die Maandag)***

## DKW – Dinsdag Kuier rondom die Woord

Ons kom Dinsdag 3 Mei om 10:00-11:00 weer bymekaar rondom die Woord. Ons is besig met die boek Openbaring. Almal wat kan en wil, is welkom!

## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**1 Mei:** Aiden-Duane Nel (076 539 9464);
**3 Mei:** Marlize vd Walt (072 499 1755); Alicia Prins (082 441 8969);
**4 Mei:** Les Labuschagne (082 570 4887);
**7 Mei:** Andrea Buys (082 520 1067)



Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## WYSHEID UIT SPREUKE

Spreuke 22:26 en 27

Moenie een van die wees wat borg staan nie; moenie instaan vir ander se skulde nie; waarom moet hulle selfs jou bed onder jou uit vat as jy nie wil betaal nie?

## *GEDAGTE VIR DIE DAG*

*Gee die een wat jy liefhet vlerke om te vlieg, herinneringe om na terug te kom en 'n rede om te bly.*

***- FB page – lewe.lag.liefde -***

***God se Seun mag nooit weer op 'n uitverkoping wees nie!***
*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

Dertig silwer muntstukke! Vir presies dertig silwerstukke is die Seun van God se lewe aan die godsdienstige leiers in Jerusalem opgeveil. Dertig silwer muntstukke is die bedrag, wat hulle aan Judas Iskariot vir sy verraad kort voor Paasfees betaal het (Matteus 26:15). Volgens Eksodus 21:32 was dertig silwer muntstukke (of shekels, soos wat dit genoem is) die waarde van 'n Joodse slaaf. Josef is op sy beurt jare tevore vir 20 silwerstukke aan slawehandelaars deur sy broers verkoop (Genesis 37:28). In Levitikus 27:1-3 lees ons ook dat wanneer mense godsdienstige geloftes gemaak het om hulleself aan die Here se diens te wy (en as hulle later dalk hulle hulself hieruit wou loskoop), dan was die waarde van 'n man tussen die ouderdom van twintig en sestig jaar op vyftig silwerstukke bereken.

Judas Iskariot was bereid om 'n geldwaarde aan Jesus te koppel, een wat sinoniem is met dié van 'n Joodse slaaf. Hy was bereid om sy Heer skaamteloos uit te verkoop aan die binnekringleiers van Jerusalem. Hulle almal het daardie dag hulle sin gekry. Die godsdienstige leiers het Jesus gekry en Judas het geld gekry. Die volgende dag sou Judas sy kant van die ooreenkoms nakom. Met 'n soen sou hy vir Jesus aan die soldate uitwys, wat Hom in die donker moes kom vang. Judas was selfs bereid om die moordplanne teen Jesus met 'n openbare uitverkoopsoen te onderskryf. So het hy sy siel vir geld uitverkoop.

Moenie dat jou lojaliteit aan Jesus ooit uitverkoop word nie. Moenie dat daar ooit in jou hart 'n prys op Jesus geplaas word, waarvoor jy Hom sal verloën nie. Kyk net wat het dit Judas gekos. Volg Jesus met alles in jou. Volg Hom al die pad, al moet daar ook 'n kruis op jou skouers rus. Volg Hom, wat die ware lewe is. Volg Hom, al is jy die enigste een en al is jy alleen! Hoor weer: moenie dat jou lojaliteit aan Jesus ooit op uitverkoop word nie. Nie nou nie, nie later nie, nooit nie!

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - 082 873 6634
(e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**ADMIN BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo - 083 258 0722
**KOSTER**: Sarel Breedt- 083 730 0177
**ORRELIS**: Daniela Pretorius – 082 325 6366
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter – 082 457 3897

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

**BANKREKENING KERK**: Rek naam: Geref Kerk Noordrand; ABSA Northcliff; Reknr 730 340 702; Tak nr 334 705
**BANKREKENING DIAKONIE**: Rek naam: Diakonie Geref Kerk Noordrand; ABSA Northcliff; Tjek reknr 730 280 602; Takkode 334 705
**BANKREKENING SUSTERS**: Rek naam: Die Susters Noordrand; Standard Bank Northcliff; Tjek reknr 003274918; Takkode 630 522

Snap here to pay

SnapScan